Verbruikersopvoeding: Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
1 Februarie 2012

Belê in advies vir finansiële gemoedsrus

'n Stewige langtermyn finansiële plan wat deur 'n betroubare adviseur opgestel is, is die beste belegging wat jy vanjaar kan maak, sê Peter Dempsey, adjunk uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).

Dempsey sê verbruikers is geneig om 'n finansiële doelwit soos 'n huwelik, kinders se opvoeding of aftrede te identifiseer en dan in isolasie vir daardie doelwit te spaar. Hy wys daarop dat baie min mense beplan vir die finansiële impak van gebeure soos om jou werk te verloor, langtermynongeskiktheid, kritieke siekte, versorging van 'n geliefde of egskeiding.

"Jy spaar dalk ywerig vir jou aftrede, maar dan oorleef een van jou kinders 'n verskriklike ongeluk en het die kind duur mediese sorg vir 'n lang tyd nodig. Omdat jy geen ander manier het om die mediese koste te dek nie, gebruik jy van jou aftreespaargeld. Skielik, as gevolg van 'n onvoorsiene gebeurtenis, is jou gesin se toekomstige finansiële sekuriteit in die gedrang."

Dempsey wys daarop dat baie mense nie besef dat die rol van die finansiële adviseur baie meer behels as om kliënte te help om die regte verskeidenheid effektetrustfondse vir hulle beleggingsportefeulje te kies nie.

"'n Goeie finansiële adviseur sal jou unieke situasie holisties evalueer en jou help om 'n omvattende strategie te implementeer wat tot jou finansiële redding sal kom wanneer onvoorsiene gebeure opduik, en wat ook vir beplande gebeure voorsiening sal maak."

Dempsey sê enige vorm van spaar is beter as niks, maar 'n weldeurdagte spaar- en beleggingsplan sal verseker dat jou pogings vrugte afwerp.

"Dit maak nie veel sin nie om byvoorbeeld vir jou kinders se opvoeding te spaar as jy nie toereikende lewens- en ongeskiktheidsdekking het nie," sê hy.

Hy voeg by onafhanklike navorsing wat in 2010 namens ASISA gedoen is, toon dat die gemiddelde Suid-Afrikaanse inkomsteverdiener onderverseker is met ten minste R600 000 in die geval van dood en R900 000 in die geval van ongeskiktheid. "Dit beteken die gemiddelde gesin sal hulle lewensuitgawes beduidend moet inkort as die hoofbroodwinner van die huishouding sterf of ongeskik raak."

Navorsing wat deur ASISA-lidmaatskappye gedoen is, toon ook die skokkende werklikheid dat net ongeveer 6% van Suid-Afrikaners gerieflik sal kan aftree.

Verder toon die 2011-statistieke van die Kollektiewebeleggingskemabedryf dat die meeste beleggers steeds hulle geld in plaaslike vasterentefondse hou (geldmark-, effekte-, inkomste- en veranderlike spesialisfondse). "Dit beteken dat hierdie beleggers op lang termyn kapitaalgroei wat inflasie klop, verbeur vir 'n valse gevoel van sekuriteit," sê Dempsey.

Dempsey sê daar is nog baie meer geloofwaardige navorsing wat onweerlegbare bewys lewer dat Suid-Afrikaners 'n ernstige behoefte aan finansiële advies ondervind, dat hierdie behoefte groei en dat goeie finansiële advies waarde toevoeg.

"Hierdie waardetoevoeging hou nie net met hoër opbrengste of laer koste verband nie maar ook met 'n omvattende finansiële plan wat deskundig bestuur word om aan te pas namate jy deur jou verskillende lewensfases beweeg," sê Dempsey.

Hy sê navorsing onder beleggers wat 'n finansiële adviseur gebruik, het bevind dat die volgende voordele die meeste waardeer word:

- Aanbevelings gegrond op werklike behoeftes
- Die verskaffing van gepaste opsies vir spaar en belegging.
- Ingeligte kundige menings.
- Persoonlike verhoudings.
- Deurlopende bestuur van die finansiële plan en die onderliggende beleggings.

Dempsey sê die werklikheid is dat spaar en belegging 'n fundamentele houdingsverandering vereis. "Om te spaar vereis altyd 'n opoffering. Wanneer jy geld wegsit vir iets wat dalk in die toekoms sal gebeur, is die opoffering dat jy nie die kitsbevrediging smaak om die geld in die hede te bestee nie.

"Deur hierdie opoffering met behulp van 'n betroubare finansiële adviseur te doen, verseker jy dat die opoffering ten minste die moeite werd is."

Dempsey moedig beleggers aan om die volgende te oorweeg wanneer hulle spaar en belê:

- Moenie vir 'n bepaalde gebeurtenis in isolasie spaar nie. Verwag dat die lewe jou soms 'n dwarsklap sal gee, en reken dit in by jou langtermynbeleggingsplan.
- Begin spaar op die dag wanneer jy jou eerste salaris verdien, en spaar deurentyd.
- Dek jouself en jou gesin teen die finansiële impak van tragiese onvoorsiene gebeure soos dood en ongeskiktheid.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. Dié lede het saam meer as R4 triljoen se bates onder bestuur.